

REGTE OP MINERALE: 'N BOEDELBEPLANNINGSANALISE

Skripsie ingehandig ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van die
graad *Magister Legum* in Boedelreg aan die Noordwes Universiteit
(Potchefstroom Kampus)

deur

H STASSEN

Studieleier: Prof. E van der Schyff

Studentenommer: 13057235

NOVEMBER 2010

Opsomming

Op 1 Mei 2004 het Suid-Afrika 'n nuwe era betree met die inwerkingstelling van die *Mineral and Petroleum Resources Development Act* 28 van 2002 (hierna die *MPRDA*). Hierdie Wet bepaal in artikel 3 dat die land se mineraal- en petroleumhulpbronne die erfenis van alle Suid-Afrikaners is. Aangesien 'n nuwe mineraalregbedeling deur hierdie Wet tot stand gebring is, is dit noodsaaklik om die effek wat die bepalings van die Wet vir boedelbeplanning inhou, te ondersoek.

Hierdie studie is daarop gerig om aan te toon welke van die regte op minerale wat in terme van die *MPRDA* tot stand kom, as boedelbates beskou kan word en in 'n boedelbeplanningsproses wat gefokus is op die vererwing van bates verdiskonteer moet word. Die studie handel eerstens met die regte op minerale as eiendom in terme van artikel 25 van die *Grondwet*. Nadat 'n kort oorsig oor die vorige mineraalregbedeling gegee is, val die fokus op die inhoud en oordraagbaarheid van regte op minerale en die implikasies wat gemelde regte op minerale vir 'n boedelbeplanningsproses, gefokus op vererwing van boedelbates, inhou.

Trefwoorde: Minerale, Mineraalregte, Regte op Minerale, Eiendom, *Mineral and Petroleum Resources Development Act*, Prospekterregte, Mynregte, Oordraagbaarheid van regte op minerale, Boedelbeplanning, Boedelbereddering

Abstract

South Africa entered a new era on 1 May 2004 with the commencement of the *Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 of 2002* (hereafter the MPRDA). Section 3 states that the mineral and petroleum resources are the common heritage of all South Africans. Due to the fact that a new era of mineral rights has been introduced, it is necessary to investigate the effect of the new Act on the process of estate planning.

This study is focused to determine which of the rights found in the *MPRDA* can be classified as assets in an estate, and which of these rights should be discounted for in the process of estate planning that is focused on the inheritance of assets. The study firstly deals with the mineral rights as property in terms of section 25 of the *Constitution*. After a brief synopsis has been given of the old order mineral rights, the focus falls on the nature and transferability of the new order mineral rights and the implications that the said rights have on the process of estate planning.

Key words: Minerals, Mineral rights, Property, *Mineral and Petroleum Resources Development Act*, Prospecting rights, Mining rights, Transferability of mineral rights, Estate planning, Administration of Estates.

Inhoudsopgawe

1.	Inleiding	1
2.	Regte op minerale as eiendom in terme van artikel 25 van die Grondwet	3
2.1	<i>Is regte op minerale eiendom vir doeleindes van artikel 25 beskerming?</i>	3
3.	Regte in terme van die <i>Mineraalwet</i> 50 van 1991	11
3.1	<i>Agtergrond</i>	11
3.2	<i>Die aard en inhoud van mineraalregte</i>	12
3.2.1	<i>Beperkte saaklike regte</i>	13
3.3	<i>Die oordraagbaarheid van mineraalregte</i>	14
4.	Regte in terme van die <i>MPRDA</i> 28 van 2002	15
4.1	<i>Agtergrond en filosofie</i>	16
4.2	<i>Inhoud en oordraagbaarheid van regte op minerale</i>	18
4.2.1	<i>Prospekteer- en mynregte</i>	18
4.2.2	<i>Reconnaissance permitte</i>	21
4.2.3	<i>Permit om minerale te verwyder en te vervreem gedurende prospektering</i>	23
4.2.4	<i>Retensie permitte</i>	23
4.2.5	<i>Mynpermitte</i>	24
5.	Die invloed van die nuwe regte op minerale op boedelbeplanning en boedelberedding	25
6.	Gevolgtrekking	29
	Bibliografie	32

1. Inleiding

Op 1 Mei 2004 het Suid-Afrika 'n nuwe era betree met die inwerkingstelling van die *Mineral and Petroleum Resources Development Act 28* van 2002 (hierna die *MPRDA* genoem). 'n Nuwe mineraalregbedeling het die lig gesien.¹ Die *Mineraalwet*² is vervang deur die *MPRDA* en die bepalings van die *MPRDA* het drastiese gevolge vir die houers van mineraalregte meegebring. Die Romeins-Hollandse beskouing dat die grondeienaar ook eienaar was van alles bo en alles onder die grond,³ is statutêr omvergewerp.⁴ In artikel 3 van die *MPRDA* word daar weggedoen met die begrip 'mineraalregte' wat in 'n persoon as houer vestig,⁵ deurdat daar bepaal word dat mineraal- en petroleumhulpbronne die erfenis van alle Suid-Afrikaners is.⁶

'n Nuwe *genus* van regte op minerale is voortgebring.⁷ Na die inwerkingstelling van die *MPRDA* is houers van sogenaamde ou orde regte 'n venstertydperk gegun waarbinne hulle kon aansoek doen vir die omskepping van hul ou orde regte in nuwe orde regte.⁸ Die voorwaarde vir hierdie proses was egter dat houers van regte hul regte vantevore moes benut het.⁹ Die nuwe regte, soos dit vervat is in die *MPRDA*, verskil van die ou bedeling regte wanneer die oordraagbaarheid, duur en eienaarskap daarvan in aanmerking geneem word.

¹ Alhoewel die *MPRDA* bepalings insake minerale en petroleum bevat en reguleer, is hierdie studie slegs gefokus op die gedeelte van die *MPRDA* wat handel oor minerale.

² *Mineraalwet* 50 van 1991.

³ Die begrip staan bekend as *super ficies solo cedit*; ook Badenhorst 2001 *Obiter* 122. Regter Innes het in *Union Government v Marais and Others* 1920 AD 240 246 beslis dat dit 'n fundamentele beginsel is dat die eienaar van die grond nie net die eienaar van die oppervlak is nie, maar van alles wat wettig daaraan vaskleef, asook van alles wat deur die grond onder die oppervlakte bevat word.

⁴ Van der Schyff 2008 *TSAR* 767-768.

⁵ Badenhorst 2005 *Obiter* 505. Jansen van Vuuren stel dit dat privaat mineraalregte nie meer 'n plek in ons regsisteem het nie. Jansen van Vuuren *Minerale, tantieme en boedelbeplanning* 4.

⁶ Van den Berg 2009 *STELL LR* 139. Van der Schyff 2008 *TSAR* 757. Jansen van Vuuren *Minerale, tantieme en boedelbeplanning* 4.

⁷ Van den Berg 2009 *STELL LR* 139. Badenhorst en Mostert 2007 *TSAR* 470.

⁸ Hierdie venstertydperk het verstryk op 1 Mei 2004. Badenhorst 2009 *TSAR* 603.

⁹ Badenhorst 2009 *TSAR* 603.

Vanuit 'n boedelbeplanningsperspektief is dit noodsaaklik om te besef dat die mineraalregte ingevolge die *Mineraalwet* van 1991 in die eienaar daarvan se boedel gevestig het en deur erflating oorgedra kon word. Die individu kon voordeel trek aangesien mineraalregte aan maatskappye wat in staat was om die minerale te ontgin, verhuur of vervreem kon word.¹⁰

Die regte soos dit vervat is in die *MPRDA* verskil van die ou bedeling mineraalregte.¹¹ Dit is dus belangrik dat die aard en omvang van die nuwe regte teenoor die voorheen geldende regte gestel word om boedelbeplanners in staat te stel om te bepaal hoe in die huidige bedeling ingevolge die *MPRDA* met hierdie tipe regte in die boedelbeplanningsproses omgegaan moet word.

Die vraag wat in hierdie studie gevra word is wat die aard van regte op minerale is wat in die *MPRDA* geskep word en hoe dit in boedelbeplanning verdiskonteer word. In die proses om die vraag te beantwoord gaan in die eerste plek bepaal word of regte op minerale as eiendom in terme van artikel 25 van die *Grondwet* beskou en gevolglik in 'n persoon se boedel vervat kan word. Daarna sal die posisie ingevolge die *Mineraalwet* en die nuwe *MPRDA* geanaliseer word en met mekaar vergelyk word om sodoende vas te stel wat die gevolge is wat deur die verandering in die stelsel meegebring is, aangesien hierdie studie geïnteresseerd is in die gevolge van die inwerkingtreding van die *MPRDA* op die proses van boedelbeplanning.

¹⁰ Badenhorst 2009 *TSAR* 603. Joubert 1959 *THRHR* 30. Taljaard *Inloed van die MPRDA* 30. In die huidige bedeling is dit egter redelik ondenkbaar dat 'n individu in sy persoonlike hoedanigheid 'n prospekter- of mynreg sal bekom deurdat die regte in die *MPRDA* omvangryk beskryf is en die duur van hierdie regte ook 'n rol speel. Dit is egter tog teoreties moontlik en daarom nodig om hierdie aspek uit te klaar.

¹¹ Die aanvanklike ou orde regte wat 'n boedeleienaar onder andere vrylik kon oordra en kon vervreem afsonderlik van die grondstuk, het summier verval met die inwerkingtreding van die *MPRDA* of dit moes omskep word in die sogenaamde nuwe orde regte, wat as 'n swakker reg beskou word volgens Jansen van Vuuren. Jansen van Vuuren *Minerale, tatieme en boedelbeplanning* 6. Badenhorst 1994 *THRHR* 45-46. Strachan 2005 *Without Prejudice* 23.

2. Regte op minerale as eiendom in terme van artikel 25 van die *Grondwet*

Dit is belangrik vir boedelbeplanners om kennis te dra oor hoe regte op minerale binne die Suid-Afrikaanse eiendomsbegrip geklassifiseer word om onder andere te weet of hierdie regte konstitusionele beskerming geniet en op watter metode¹² hierdie regte hanteer moet word in die proses van boedelbeplanning. Dit is dus in die eerste plek nodig dat bepaal word of regte op minerale as eiendom vir doeleindes van artikel 25 van die *Grondwet*¹³ beskou word en daarna is die bespreking gerig op die klassifikasie¹⁴ van regte op minerale soos wat dit deur verskeie skrywers en relevante regspraak uiteengesit is.

2.1 *Is regte op minerale eiendom vir doeleindes van artikel 25 beskerming?*

Vir doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om te verstaan wat die begrippe 'bate' en 'eiendom' beteken sodat bepaal kan word of regte op minerale wel binne die konteks van hierdie begrippe val en gevolglik as eiendom in terme van die *Grondwet*¹⁵ en as 'n bate in 'n boedel beskou kan word.¹⁶ Die belang van die onderskeid tussen hierdie twee begrippe is daarin geleë dat alles wat in terme van artikel 25 van die *Grondwet* as 'eiendom' beskou word, nie noodwendig 'n 'bate' in 'n persoon se boedel is nie en *vice versa*.

¹² Daar is verskeie metodes of tegnieke wat gebruik word by die proses van boedelbeplanning. Die metodes en hulpmiddels sal afhang van die tipe regte wat die erflater besit. Sien bespreking in par. 5 hieronder.

¹³ *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996.

¹⁴ Waar pas regte op minerale in die begrip "eiendom" in? Word regte op minerale grondwetlik beskerm?

¹⁵ Die *Grondwet* beskerm eiendom deur inbreukmaking op eiendom te reguleer. Artikel 25(1) en (2) bepaal die volgende:

(1) Niemand mag eiendom ontnem word nie behalwe ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif, en geen regsvoorskrif mag arbitrêre ontneming van eiendom veroorloof nie.

(2) Eiendom mag slegs ingevolge 'n algemene regsvoorskrif onteien word –

(a) vir 'n openbare doel of in die openbare belang; en

(b) onderworpe aan vergoeding waarvan die bedrag en die tyd en wyse van betaling óf deur diegene wat geraak word, aanvaar is óf deur 'n hof bepaal of goedgekeur is.

¹⁶ Sien paragraaf 5 *infra*.

Die konsep 'eiendom' is 'n baie abstrakte begrip. Wanneer die man op straat aan 'eiendom' dink, is dit dikwels tasbare sake wat eerste in hul gedagtes opkom. Om die begrip 'eiendom' in konteks te verstaan, is dit dus nodig om eers 'n omskrywing van die meer tasbare begrip 'saak' te verskaf.

Van der Walt en Pienaar¹⁷ omskryf 'n 'saak' as volg

'n Saak is 'n spesifieke soort eiendom, wat aan die hand van sy kenmerke omskryf kan word as 'n stoflike objek wat buite die mens geleë is en wat as selfstandige entiteit vatbaar is vir juridiese beheer deur 'n regs subjek, vir wie dit nut en waarde het.

Hierdie definisie moet saam met die begrip eiendom geles word, 'n begrip wat nie op 'n eenvoudige manier geformuleer en uiteengesit kan word nie.¹⁸

Aangesien hierdie skripsie fokus op boedelbeplanning, is dit ook nodig om die begrip 'eiendom' binne 'n boedelbeplanningskonteks te analiseer alvorens 'n volledige omskrywing van die begrip 'eiendom' gegee kan word. Die *Boedelbelastingwet*¹⁹ omskryf eiendom soos volg:

Eiendom beteken enige reg op goed, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, ...²⁰

Die *Boedelbelastingwet* verwys ook na sekere spesifieke regte soos fidusiêre regte en vruggebruike as eiendom. Dit is duidelik dat 'n groot verskeidenheid bates en

¹⁷ Van der Walt en Pienaar *Inleiding tot die Sakereg* 9.

¹⁸ Van der Walt 2004 *SAPR/PL* 51-52.

¹⁹ *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

²⁰ Artikel 3(2). Van der Walt & Pienaar se definisie van eiendom is soortgelyk deurdat hulle skryf dat eiendom alles is wat deel uitmaak van 'n persoon se bates of boedel, insluitende liggaamlike sake en onliggaamlike belange en regte. Van der Walt en Pienaar *Inleiding tot die Sakereg* 9. Die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962 bepaal ook in artikel 1 dat eiendom, van watter aard ookal, hetsy roerend of onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, uitsluitend enige betaalmiddel, maar insluitend enige munt wat hoofsaaklik van goud of platinum gemaak is, en 'n reg of belang van watter aard ookal in so 'n bate, by die begrip 'eiendom' ingesluit moet word.

belange deur die begrip 'eiendom' omvat word.²¹ Nie-tasbare eiendom word ook ingesluit deurdat daar na 'enige reg' verwys word, alhoewel hierdie regte nie as eiendom beskou sal word indien dit by die afsterwe van die eienaar daarvan verval nie.²² Uit die definisie in die *Boedelbelastingwet* is dit duidelik dat 'sake' soos hierbo gedefinieer, ook binne die definisie van eiendom vir boedelbelastingaangeleenthede val. In 'n sekere sin kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die definisie van eiendom in die *Boedelbelastingwet* die begrip 'eiendom', soos dit van belang is vir boedelbeplanning, baie goed konkretiseer.²³

Uit die literatuur blyk dit dat verskeie faktore die begrip 'eiendom' beïnvloed. Hieronder is byvoorbeeld die aard en eienskappe van die betrokke saak, die verhouding tussen die persoon en die saak, asook die gewig wat die ekonomiese en politieke sisteem daaraan heg.²⁴ Die omskrywing in hierdie konteks dui op die onderliggende verhouding tussen die mens as regsobjek en die natuur se rykdomme wat deur die mens beheers word.²⁵ Die eienaar van eiendom beskik oor 'n verskeidenheid van inhoudsbevoegdhede.²⁶ Eiendom beteken in die regstegniese sin die regte van mense in of oor sekere sake of goed.²⁷

Dit is egter ook belangrik om na die *Grondwet* te verwys wanneer die eiendomsbegrip bespreek word, aangesien die begrip 'eiendom', veral konstitusionele eiendom, anders as die begrip 'eiendom' soos dit in die *Boedelbelastingwet* manifesteer, meer abstrak is. Die belang en noodsaak van hierdie ondersoek is daarin geleë dat die boedelbeplanner tog ook bewus moet wees van die omvang van konstitusionele beskerming wat aan boedelbates verleen

²¹ Abrie *et al Bestorwe Boedels* 181.

²² Abrie *et al Bestorwe Boedels* 182.

²³ Hierdie studie is gefokus op boedelbeplanning gefokus op vererwing, daarom, hoewel retensiepermitte dalk as 'n bate in die houer daarvan se hande belas kan word in terme van die Inkomstebelastingwet, is dit irrelevant vir hierdie studie.

²⁴ Mostert *et al Principles of the Law of Property in South Africa* 5.

²⁵ Pienaar 1986 *TSAR* 295.

²⁶ Hieronder kom regte soos genots- en gebruiks-, besits-, beskikkings- en vervreemdingsbevoegdhede voor. Badenhorst en Mostert 2007 *TSAR* 471.

²⁷ Mostert *et al Principles of the Law of Property in South Africa* 5. Badenhorst, Pienaar en Mostert *Silberberg en Schoeman's The Law of Property* 9.

kan word. Indien dit dus in hierdie skripsie bevind word dat regte op minerale as eiendom beskou kan word vir boedelbeplanningsdoeleindes, moet dit ook duidelik wees of sodanige eiendom deur die *Grondwet* beskerm sal word. Hou egter in gedagte dat 'n bespreking van die omvang van grondwetlike beskerming buite die fokus van hierdie werk val.

'Eiendom' in artikel 25 van die *Grondwet* beteken al die regsverhoudinge (*legal relationships*) wat vir konstitusionele beskerming kwalifiseer ingevolge die eiendomsklousule, selfs al lei dit nie noodwendig tot eiendomsreg²⁸ op die verbandhoudende saak nie.²⁹ Die *Grondwet* stel nie die trefwydte van eiendom vas nie, wat beteken dat die howe in elke saak wat oor artikel 25 handel sal moet besluit of eiendom onder bespreking is.³⁰

Van der Schyff skryf dat die eiendomsklousule so geïnterpreteer moet word dat konstitusionele waardes wat aan die vorige bedeling onbekend was, deur die eiendomsbegrip geakkommodeer word. Dit lei daartoe dat die eksklusiewe privaatrekarakter van eiendom en eiendomsreg verander het as gevolg van die toepaslikheid van die konsep binne die publiekregssfeer.³¹ Dit beteken egter nie dat die eiendomskonsep soos dit in die vorige bedeling bekend gestaan het, verban moet word nie, maar bloot dat dit uitgebrei moet word om aan te pas by die nuwe konstitusionele norme in 'n nuwe gemeenskap, en dit akkommodeer.³² Van der Schyff stem saam met die denkrigting wat aandui dat die eiendomskonsep in die

²⁸ In die saak *Gien v Gien* 1979 2 SA 1113 (T) 1120 word die eiendomsreg wat 'n persoon oor 'n saak het omskryf as "die mees volledige saaklike reg wat 'n persoon ten opsigte van 'n saak kan hê..." Ons reg gaan ook uit van die standpunt van die sogenaamde absoluutheid van eiendomsreg, maar terselfdertyd met erkenning van die beperking daarvan.

²⁹ Mostert *et al Principles of the Law of Property* 5.

³⁰ Van der Walt 1994 *The Constitutional Property Clause* 15. In die *First National Bank of SA t/a Wesbank v Commissioner, South African Revenue Services* saak (hierna genoem die FNB-saak) het die hof aangedui dat dit onmoontlik is om eiendom vir die doeleindes van artikel 25 van die *Grondwet* te definieer, en homself beperk tot die standpunt dat eienaarskap van liggaamlike roerende eiendom en grond in die hart van die konstitusionele eiendomskonsep vervat word. Van der Walt 2004 *SAPR/PL* 51.

³¹ Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 64.

³² Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 64; Kleyen 1996 *SAPR/PL* 417; Van der Walt 1994 *THRHR* 193; Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 414 en 540.

eerste plek geïnterpreteer word om alle regte en sake wat in die vorige bedeling as eiendom erken is, in te sluit.³³

Die werklikheid is egter dat dit nie altyd so duidelik of voorheen erkende 'eiendom' ingesluit is in die kategorie van konstitusionele eiendom nie. In lyn met die gedagte dat die konstitusionele eiendomsbegrip alle regte en sake wat in die vorige bedeling as eiendom erken is, insluit, is sommige skrywers van mening dat ou orde mineraalregte, as beperkte saaklike regte, as eiendom beskou moet word ingevolge die eiendomsklousule in die *Grondwet*.³⁴ In 2002 het die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof (soos dit toe bekend was) egter 'n ander opinie gehuldig in *Lebowa Mineral Trust Beneficiaries Forum v The President of the RSA*.³⁵

In die *Lebowa Mineral Trust Beneficiaries Forum*-saak het die Hof die vraag of mineraalregte deur artikel 25 beskerm word aan die hand van die riglyne soos dit in die *Ex Parte Chairperson of the Constitutional Assembly*³⁶-saak, beantwoord. Die hof bevind

Our examination of international conventions and foreign constitutions shows that it is extremely rare for there to be any mention of mineral rights within a property clause. It certainly could not be said to be a 'universally accepted fundamental right'.³⁷

Op grond van hierdie stelling het die hof van die Transvaal Provinsiale Afdeling bevind dat mineraalregte nie ingevolge die *Grondwet* beskerm word nie, aangesien die opstellers van die *Grondwet* minerale uitdruklik sou beskerm indien hulle dit wou doen en hulle het nie.³⁸ Die debatteerbare effek van hierdie beslissing is dat

³³ Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 65.

³⁴ Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 61.

³⁵ *Lebowa Mineral Trust Beneficiaries Forum v The President of the RSA* 2002 1 BCLR 23 (T).

³⁶ *Ex Parte Chairperson of the Constitutional Assembly: In re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa*, 1996 1996 4 SA (KH) 744.

³⁷ Par 799D-E.

³⁸ Badenhorst en Vrancken 2001 *Obiter* 501.

mineraalregte nie *per se* as eiendom soos deur artikel 25 van die *Grondwet* beskerm, beskou kan word nie.³⁹

Badenhorst en Vrancken is egter van mening dat ou orde mineraalregte wel deur die *Grondwet* beskerm word, alhoewel dit nie uitdruklik erkenning aan mineraalregte gee nie. Dit beteken nie dat beskerming nie bestaan nie bloot omdat dit nie genoem word nie.⁴⁰ Verder is hulle van mening dat mineraalregte wel deur die eiendomsklousule beskerm word, aangesien beperkte saaklike regte deur hierdie klousule beskerm word en mineraalregte word geklassifiseer as beperkte saaklike regte.⁴¹ Ten spyte van die hof se beslissing is dit dus duidelik dat die standpunt gemotiveer kan word dat mineraalregte, alhoewel dit nie pertinent in die eiendomsklousule genoem was nie, as eiendom beskerming ingevolge die *Grondwet* geniet het.⁴²

Wat regte op minerale soos wat dit in die *MPRDA* voorkom aanbetref, is dit nodig om in gedagte te hou dat die eiendomsbegrip soos dit in die *Grondwet* vervat is, baie wyer is en 'n ander doel dien as die eiendomskonsep in die privaatrek. Dit is dus nie bloot privaateiendomsreg wat beskerming geniet as 'eiendom' in terme van die *Grondwet* nie. Daar is 'n wye reeks van regte en belange wat as konstitusionele eiendom beskerm word. Dit sluit onder andere saaklike en persoonlike regte wat betrekking het op alle tipes eiendom, hetsy roerend of onroerend, immateriële goed en liggaamlike eiendom in.⁴³

Daar word verskillende regte op minerale in die *MPRDA* geskep, naamlik prospekteerregte, mynregte, *reconnaissance*permitte,⁴⁴ permitte om minerale te

³⁹ Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 61-62.

⁴⁰ Badenhorst en Vrancken 2001 *Obiter* 505.

⁴¹ Badenhorst en Vrancken 2001 *Obiter* 506.

⁴² Badenhorst en Vrancken 2001 *Obiter* 506-507.

⁴³ Van der Walt en Pienaar *Inleiding tot die Sakereg* 357; Roux "Property" (2002) 449-450; Currie en De Waal *Bill of Rights Handbook* 536; Van der Walt *Constitutional Property Law* 77.

⁴⁴ Artikel 13 van die *MPRDA*.

verwyder en te vervreem,⁴⁵ retensie- permitte⁴⁶ en mynpermitte⁴⁷ . Alhoewel hierdie regte meer uitvoerig bespreek sal word in paragraaf 4.2, is dit egter belangrik om hier te kyk of elkeen van hierdie regte wel vir doeleindes van die *Grondwet* as eiendom beskou sal word.

Wat prospekterregte en mynregte betref, word daar uitdruklik in artikel 5(1) bepaal dat hierdie regte beperkte saaklike regte is. In lyn met die argument dat alle regte en sake wat in die vorige bedeling as eiendom erken is as konstitusionele eiendom beskou sal word, word aanvaar dat hierdie regte, wat pertinent as beperkte saaklike regte geklassifiseer word, wel konstitusionele beskerming sal geniet.

Die oorblywende regte word egter nie uitdruklik as beperkte saaklike regte geklassifiseer nie.⁴⁸ Wanneer die aard van hierdie regte en permitte ondersoek word, moet in gedagte gehou word dat daar nie 'n geslote sisteem vir beperkte saaklike regte in die Suid-Afrikaanse reg is nie en dat nuwe beperkte saaklike regte erken kan word.⁴⁹ Van der Schyff stel voor dat indien hierdie regte en permitte aan die vereistes vir die "subtraction from *dominium*" toets voldoen, dit wel as beperkte saaklike regte beskou moet word.⁵⁰ Registrasie is egter steeds 'n voorvereiste vir die ontstaan van 'n beperkte saaklike reg en die blote opname van hierdie regte in terme van die *Myn Titels Registrasie Wet*⁵¹ sal beteken dat hierdie regte en permitte nie aan die vereistes vir die bestaan van 'n beperkte saaklike reg voldoen nie, al voldoen dit aan die "subtraction from *dominium*" toets.⁵² Die alternatief is dus dat dit as persoonlike regte beskou moet word. 'n Ander opsie is egter dat dit in 'n unieke kategorie van statutêre regte geklassifiseer word. Badenhorst, Pienaar en

⁴⁵ Artikel 20 van die *MPRDA*.

⁴⁶ Artikel 31 van die *MPRDA*.

⁴⁷ Artikel 27 van die *MPRDA*.

⁴⁸ Badenhorst stel voor dat hierdie regte wel persoonlike regte is ongeag die registrasie daarvan in die Minerale en Petroleum Titels Registrasie Kantoor. Badenhorst 2005 *Obiter* 505-525.

⁴⁹ Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 260. Badenhorst, Pienaar en Mostert *Silberberg and Schoeman's The Law of Property* 37.

⁵⁰ Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 260.

⁵¹ *Myn Titels Registrasie Wet* 16 van 1967.

⁵² Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 261.

Mostert⁵³ identifiseer hierdie nuwe kategorie as 'n kategorie van regte in eiendom wat ook konstitusionele beskerming sal geniet en sluit regte in natuurlike hulpbronne hierby in. Die kwessie rakende die werklike aard van nuwe bedeling regte op minerale sal slegs opgeklaar word wanneer 'n dispuut rakende hierdie onderwerp beslis word deur die howe.

In bogemelde bespreking is aangedui dat 'n sterk saak uit te maak is daarvoor dat beide ou en nuwe orde regte op minerale as eiendom vir doeleindes van artikel 25 van die *Grondwet* beskou kan word. Of alle regte wat binne hierdie kategorieë beskou kan word as bates wat in 'n boedel val, is egter nie so voor die hand liggend nie. Hierdie aspek sal egter eers volledig hanteer kan word nadat die inhoud van die regte op minerale soos dit in die *MPRDA* geskep is, in paragraaf 4 bespreek is. Dit is verder nodig om vas te stel of hierdie regte as boedelbates beskou kan word wanneer boedelbeplanning gedoen word, sodat die regte metodes van beplanning gebruik kan word.

Alvorens hierdie ondersoek egter gedoen kan word, en om die boedelbeplanner in te lig oor die groot veranderinge wat plaasgevind het, is dit nodig om eers kortliks 'n oorsig oor die vorige mineraalregbedeling te verskaf. Vervolgens sal daar gekyk word na die mineraalregte soos wat dit voorgekom het in die *Mineraalwet*. 'n Agtergrond van hierdie Wet sal bespreek word, asook wat die aard en inhoud van mineraalregte is. Laastens sal daar na die oordraagbaarheid van hierdie regte gekyk word om uiteindelik die verskil tussen die ou *Mineraalwet* en die nuwe *MPRDA* en die impak wat dit op boedelbeplanning het, vas te stel.

⁵³

Badenhorst, Pienaar en Mostert *Law of Property* 31.

3. Regte in terme van die *Mineraalwet 50 van 1991*

Hoewel hierdie skripsie gefokus is daarop om die aard van regte op minerale in terme van die *MPRDA* te bepaal, is dit tog nodig om oorsigtelik te kyk na die posisie wat gegeld het voor die inwerkingtreding van die *MPRDA*. Dit is eers wanneer die volle omvang van die aard van mineraalregte onder die *Mineraalwet 50 van 1991* besef word, dat die noodsaak van hierdie studie werklik duidelik word.

Mineraalregte ingevolge die *Mineraalwet* het in die houers daarvan gevestig.⁵⁴ Dit het beteken dat die mineraalreghouers vrylik met hierdie regte kon handel deur dit te verkoop, verhuur, onderverhuur en ook om dit in hulle testamente aan hulle erfgename na te laat.⁵⁵ Dus was dit nodig vir boedelbeplanners om oor die nodige kennis te beskik rakende die bepalings ingevolge hierdie Wet indien 'n kliënt die houer van mineraalregte was. Ten einde die nodige agtergrond te skep waarteen die nuwe bedeling belig kan word, is 'n uiteensetting van sekere aspekte van die vorige mineraalregbedeling noodsaaklik.

3.1 *Agtergrond*

Daar word algemeen aanvaar dat mineraalregte ontwikkel het teen die agtergrond van 'n fundamentele beginsel van die eiendomsreg op grondstukke, naamlik dat die eienaar van die grond die *dominus* is van die hele stuk grond, insluitend die lugruim en alles onder dit en in die grond.⁵⁶ Die gevolge van hierdie fundamentele beginsel was dat die eienaar van die grond ook die eienaar van die minerale in die grond

⁵⁴ Mineraalregte kon egter ook geskei word van die eienaarskap van grond en in 'n ander persoon as die eienaar van die grond vestig, Badenhorst 2009 *TSAR* 603.

⁵⁵ Badenhorst 2009 *TSAR* 603. Joubert 1959 *THRHR* 30. Taljaard *Invloed van die MPRDA* 30.

⁵⁶ Badenhorst 2001 *Obiter* 122. Regter Innes het in *Union Government v Marais and Others* 1920 AD 240 246 beslis dat dit 'n fundamentele beginsel is dat die eienaar van die grond nie net die eienaar van die oppervlak is nie, maar alles wat wettig daaraan vaskleef, asook alles wat deur die grond onder die oppervlakte bevat word. Pienaar 1986 *TSAR* 295, Pienaar skryf dat eiendomsreg op onroerende goed gekenmerk word deur die begrip *superficies solo cedit*. Hierdie begrip beteken dat die eienaar van die grond ook die eienaar is van alles wat permanent aan die grond geheg is deur middel van *accessio*.

was totdat die minerale uit die grond onttrek en geskei word.⁵⁷ Die eiendomsreg op minerale wat nog nie uit die grond onttrek was nie, kon nie oorgedra word nie⁵⁸ en wanneer die minerale wel geskei is van die grond, het dit roerend geword en die onderwerp van aparte eiendomsreg geword.⁵⁹ Die houer van mineraalregte was egter onder geen verpligting om hierdie regte uit te oefen nie, al was die ontginning ook in die publieke belang.⁶⁰

3.2 Die aard en inhoud van mineraalregte

Houers van mineraalregte kon prospekteer en myn vir minerale.⁶¹ Dit is reeds hierbo in paragraaf 3.1 aangetoon dat die eienaar van die grond waarin die minerale gevestig is, as eienaar van die onontginde minerale beskou is en ook die reg gehad het om die minerale te ontgin. Die grondeienaar kon egter mineraalregte aan ander partye verleen.

Die reg om vir minerale te prospekteer kon aan 'n ander persoon verleen word deur die gebruikmaking van 'n prospekteerkontrak en hierdie kontrak kon geregistreer word in die aktekantoor.⁶² So ook kon die reg om te myn aan 'n ander persoon toegeken word deur middel van 'n notariële mineraalhuurkontrak en in die aktekantoor geregistreer word.⁶³

⁵⁷ *Van Vuren v Registrar of Deeds* 1907 TS 189 194, Badenhorst 2009 TSAR 603 en Badenhorst 2009 TSAR 603. Joubert 1959 THRHR 6.

⁵⁸ Badenhorst 2009 TSAR 603.

⁵⁹ *Trojan Trojan Exploration Co (Pty) Ltd v Rustenburg Platinum Mines Ltd* 1996 4 SA 499 (A) 509J-510A. Badenhorst 2009 TSAR 603.

⁶⁰ Badenhorst 2009 TSAR 603.

⁶¹ Artikel 5(1) van die *Mineraalwet*. Badenhorst 2009 TSAR 603.

⁶² Badenhorst 2001 *Obiter* 125 en Artikel 3(1)(q) van die *Wet op Registrasie van Aktes* 47 van 1937..

⁶³ Badenhorst 2001 *Obiter* 125-126 en Artikel 3(1)(m) en 77(1) van die *Wet op Registrasie van Aktes*.

3.2.1 Beperkte saaklike regte

In die lig van die fokus van die studie is dit nodig om kortliks stil te staan by die aard van ou bedeling mineraalregte.

Mineraalregte was beskou as beperkte saaklike regte⁶⁴ en hierdie feit word ook deur wetgewing erken.⁶⁵ Beperkte saaklike regte kan nie deur 'n persoon oor sy eie grond gehou word nie en verdwyn wanneer die beperkte saaklike reghouer die grond waarvoor dit van toepassing is, bekom.⁶⁶ Mineraalregte was 'n uitsondering deurdat die houer van die beperkte saaklike reg (mineraalregte) ook die eienaar van die grond kon wees.⁶⁷

In *Van Vuren v Registrar of Deeds*⁶⁸ word die opinie uitdruklik uitgespreek dat mineraalregte as persoonlike serwitute⁶⁹ beskou kon word. Alhoewel dit nie moontlik was om 'n serwituut oor 'n serwituut te hê nie, kon mineraalregte onderhewig wees aan 'n persoonlike serwituut of vruggebruik.⁷⁰ Daarom het die siening egter mettertyd verander en mineraalregte is later beskou as beperkte saaklike regte *sui generis*.⁷¹ Hierdie standpunt word deur die meerderheid van akademië ondersteun, hoofsaaklik omdat mineraalregte nie aan die vereistes van

⁶⁴ Badenhorst 1990 *TSAR* 249, Badenhorst 2001 *Obiter* 121, Du Plessis, Olivier en Pienaar 2002 *SAPR/PL* 435, Joubert 1959 *THRHR* 27 en Badenhorst en Mostert 2003 *STELL LR* 384.

⁶⁵ Artikel 70(1) van die *Wet op Registrasie van Aktes* 47 van 1937. Badenhorst 1990 *TSAR* 249.

⁶⁶ Taljaard *Invloed van die MPRDA* 7.

⁶⁷ Taljaard *Invloed van die MPRDA* 7

⁶⁸ 1907 *TS* 289 294.

⁶⁹ 'n Serwituut word gedefinieer as 'n beperkte saaklike reg op die roerende of onroerende eiendom van 'n ander persoon, waardeur die serwituuthouer sekere gebruiks- en genotsbevoegdhede verkry en hierdie bevoegdhede van die serwituuthouer beperk die eienaar se inhoudsbevoegdhede ten opsigte van sy eie eiendom. Van der Walt en Pienaar *Inleiding tot die Sakereg* 266-267. 'n Vereiste vir die totstandkoming of oordrag van 'n beperkte saaklike reg op onroerende eiendom is dat registrasie ingevolge die *Wet op Registrasie van Aktes in die akteskantoor moet plaasvind*. Artikel 63(1) van die *Wet op Registrasie van Aktes* 47 van 1937.

⁷⁰ Badenhorst 1990 *TSAR* 252.

⁷¹ *Erasmus v Afrikander Proprietary Mines Ltd* 1967 1 *SA* 950 (W) 956E; *Nolte v Johannesburg Consolidated Investments Co Ltd* 1934 *AD* 295 op 305-306 en Badenhorst 2001 *Obiter* 121.

persoonlike of saaklike serwitute voldoen nie.⁷² Hierdie kwalifikasie was ook geregverdig deur die feit dat mineraalregte vrylik oordraagbaar was en in staat was om op erfgename van die houer van die regte oor te gaan⁷³ – ‘n aspek wat meer volledig hieronder bespreek word.

3.3 Die oordraagbaarheid van mineraalregte

Om mineraalregte, prospekteregte of mynregte uit te oefen, was dit noodsaaklik om ‘n prospekterpermit⁷⁴ om te prospekter en ‘n magtiging⁷⁵ om te myn vanaf die provinsiale direkteur te verkry.⁷⁶ Daar moes verder ook ‘n omgewingsimpak assesseringsprogram goedgekeur word.⁷⁷ Indien die persoon wat aansoek gedoen het vir die prospekterpermit of ‘n magtiging om te myn nie self die houer van die mineraalregte was nie, moes hy skriftelike toestemming verkry vanaf die regmatige houer van die mineraalregte.⁷⁸ Kaplan en Dale⁷⁹ sê dat die *Mineraalwet* daarop gefokus was om vervreemding van mineraalregte wat deur die staat gehou was, aan te moedig sodat alle mineraalregte deur houers in die privaatsfeer gehou word, en die staat was gevolglik in ‘n posisie soortgelyk as ‘n eienaar in die privaatsfeer geplaas.

Mineraalregte ten opsigte van spesifieke minerale, soos prospekter- of mynregte kon deur die houer daarvan aan byvoorbeeld ‘n mynmaatskappy verkoop⁸⁰ word teen vergoeding indien die houer nie in staat was om hierdie regte uit te oefen nie.⁸¹ In die geval waar daar onoorkombare konflik ontstaan het tussen die uitoefening

⁷² Badenhorst 1990 *TSAR* 251.

⁷³ *Van Vuren v Registrar of Deeds* 1907 TS 289 294.

⁷⁴ Artikel 6(1) van die *Mineraalwet*.

⁷⁵ Artikel 9(1) van die *Mineraalwet*; Badenhorst en Mostert 2007 *TSAR* 470.

⁷⁶ Badenhorst 2001 *Obiter* 126; Badenhorst 1995 *TSAR* 571.

⁷⁷ Artikel 39(1) van die *Mineraalwet*.

⁷⁸ Artikel 6(1) en 9(1) van die *Mineraalwet*.

⁷⁹ Kaplan en Dale *Guide* 14.

⁸⁰ Artikel 16 van die *Wet op Registrasie van Aktes* 47 van 1937.

⁸¹ Badenhorst 2009 *TSAR* 603.

van 'n mineraalreg en die eienaarskap van grond, was die laasgenoemde ondergeskik aan die belange van die mineraalreghouer.⁸²

Mineraalregte was vrylik benoembaar of oordraagbaar en kon ook oorgedra word aan die erfgename van die houer van hierdie regte.⁸³

Artikel 20 van die *Mineraalwet* het die oordraagbaarheid van mineraalregte gereël en het bepaal dat die Direkteur-Generaal se toestemming eers verkry moes word alvorens 'n akte wat uitvoering sou gee aan die verdeling van 'n mineraalreg ten opsigte van die verdeling van grond in onverdeelde aandele of die houters van onverdeelde aandele vermeerder, in die akteskantoor geregistreer kon word.⁸⁴ Taljaard skryf dat hierdie artikel in die geval van boedelbeplanning en boedelberedding van groot belang was in die geval van erfopvolging, hetsy testaat of intestaat, aangesien die Direkteur-Generaal ook sy toestemming kon weier, wat tot gevolg gehad het dat die eksekuteur die betrokke mineraalregte te gelde sou moes maak en die opbrengs ingevolge die bepalings van die testament of die intestate erfopvolging sou moes verdeel.⁸⁵

Bogemelde bespreking toon duidelik aan dat ou orde regte soos hierbo bespreek, boedelbates is vanweë die feit dat dit as oordraagbare beperkte saaklike regte beskou was. Vervolgens sal die posisie soos wat dit in die *MPRDA* vervat word, bespreek word.

4. Regte in terme van die *MPRDA* 28 van 2002

Die navorsingsvraag wat hierdie studie onderlê is wat die aard van regte op minerale is wat in die *MPRDA* geskep word en hoe hierdie regte in boedelbeplanning verdiskonteer word. In die bostaande bespreking in paragraaf 2

⁸² Badenhorst 2009 *TSAR* 603 en Joubert 1959 *THRHR* 28.

⁸³ Badenhorst 1990 *TSAR* 252 en Badenhorst 2009 *TSAR* 603.

⁸⁴ Taljaard *Invloed van die MPRDA* 12.

⁸⁵ Taljaard *Invloed van die MPRDA* 12-13.

is daar met verwysing na die vraag of regte in minerale as eiendom in terme van artikel 25 van die *Grondwet* beskou sal word, aangetoon dat prospekterregte en mynregte beperkte saaklike regte is. Hoewel die regs aard van die oorgeblewe regte op minerale onseker is, is aangetoon dat dit of as persoonlike regte of as 'n nuwe kategorie van statutêre regte beskou kan word. Die aard van regte op minerale in terme van die *MPRDA* is dus vasgestel. Die blote feit dat regte geklassifiseer kan word as beperkte saaklike regte of statutêre regte, beteken egter nie *per se* dat dit as boedelbates beskou sal word nie.

In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word na die inhoud van die regte wat in die *MPRDA* vervat is ten einde te bepaal of dit as boedelbates beskou kan word. Bo en behalwe die inhoud van die regte is die enkele ander aspek wat van bepalende belang is in die beantwoording van hierdie vraag, die vraag of hierdie regte oordraagbaar is. Die agtergrond van die *MPRDA* sal kortliks bespreek word en daarna sal die aard en inhoud, asook die oordraagbaarheid van die regte op minerale ontleed word om uiteindelik vas te stel of en hoe hierdie regte in die proses van boedelbeplanning hanteer moet word.

4.1 Agtergrond en filosofie

Badenhorst en Mostert⁸⁶ beskryf mineraal- en petroleumwetgewing deur te sê

Upon completion of transitional window periods in terms of the *Mineral and Petroleum Resources Development Act*, mineral and petroleum law could in future be defined as that part of property law that governs the nature, content, acquisition, transfer and loss of *reconnaissance* rights, prospecting rights, mining rights, mining permits, *reconnaissance* permits, exploration rights, production rights and ancillary rights to mineral and petroleum resources.

⁸⁶

Badenhorst *et al* *Mineral and Petroleum Law of South Africa* 1.6.

Die oogmerke van die *MPRDA* is in artikel 2 vervat. Die eerste doelwit is om die internasionaal-aanvaarde reg van die staat om soewereiniteit oor al die mineraal- en petroleumbronne binne die Republiek uit te oefen, te erken⁸⁷ en tweedens om effek te gee aan die beginsel van die staat se voogdyskap van die land se mineraal- en petroleumbronne.⁸⁸ Derdens beoog die Wet om toegang tot die nasie se mineraal- en petroleumhulpbronne aan alle mense van Suid-Afrika te bevorder⁸⁹ en die geleentheid vir histories-benadeelde persone, insluitend vroue, uit te brei sodat hul ook die mineraal- en petroleumindustrie kan betree en voordeel trek uit die ontginning van die land se hulpbronne.⁹⁰ Verder beoog die Wet om ekonomiese groei,⁹¹ asook werksgeleentheid,⁹² te bevorder.

Artikel 3 van die *MPRDA* bepaal dat minerale die natuurlike erfenis van alle Suid-Afrikaners is en dat die staat, handelend deur die toepaslike Minister, die trustee van die land se minerale hulpbronne is.⁹³ Hierdie bepaling het tot gevolg dat die beginsel dat die eienaar van grond ook die eienaar van alles onder die grond is, verwerp word⁹⁴ en dat minerale uit die privaatreg sfeer verwyder word. In *De Beers Consolidated Mines v Ataqu Mining (Pty) Ltd and others*⁹⁵ het die hof beslis dat die *MPRDA* nie twyfel laat dat mynregte ten opsigte van minerale wat nog nie gemyn is nie, uit die hande van privaat- eienaars geneem is nie en dat sulke regte in die voogdyskap van die staat vestig. Dieselfde opinie is gevolg in *De Beers Consolidated Mines v Regional Manager*.⁹⁶

⁸⁷ Artikel 2(a). Van Den Berg 2009 *Stell LR* 143-144.

⁸⁸ Artikel 2(b). Van Den Berg 2009 *Stell LR* 144.

⁸⁹ Artikel 2(c),

⁹⁰ Artikel 2(d).

⁹¹ Artikel 2(e).

⁹² Artikel 2(f).

⁹³ Van Den Berg 2009 *Stell LR* 140

⁹⁴ Badenhorst 2001 *Obiter* 127. Jansen van Vuuren *Minerale, tantieme en boedelbeplanning* 4. Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 6.

⁹⁵ *De Beers Consolidated Mines v Ataqu Mining (Pty) Ltd and others* 2006 SA 3215 (HH) 67.

⁹⁶ *De Beers Consolidated Mines v Regional Manager, Mineral Regulation Free State Region*, DME 1690 SA 2007 (HH) 6.

Teen hierdie agtergrond is dit belangrik om na die inhoud van regte in minerale te kyk, aangesien dit die manier bepaal waarop met hierdie regte omgegaan word.

4.2 Inhoud en oordraagbaarheid van regte op minerale

In artikel 5(1) van die *MPRDA* word twee tipes regte geskep wat vir die ontginning van mineraalhulpbronne belangrik is, naamlik prospekterregte en mynregte. Soos hierbo in paragraaf 2 aangetoon, word beide as beperkte saaklike regte beskou.⁹⁷ Daar word egter ook ander regte in die *MPRDA* geskep wat vir die ontginning van die land se natuurlike hulpbronne relevant is. Hierdie regte is *reconnaissance*permitte,⁹⁸ permitte om minerale te verwyder en te vervreem gedurende prospektering,⁹⁹ retensiepermitte¹⁰⁰ en mynpermitte.¹⁰¹ Soos hierbo aangetoon kan hierdie regte geklassifiseer word as statutêre regte in eiendom. Vervolgens gaan die inhoud van elkeen van hierdie regte bespreek word. Daarna sal die fokus op die oordraagbaarheid van die regte val, tensy die inhoud van die regte soos dit in die verskillende artikels vervat is, reeds 'n duidelike aanduiding van oordraagbaarheid gee.

4.2.1 Prospekter- en mynregte

Ingevolge artikel 1 van die *MPRDA* beteken 'prospekterreg' 'n reg om te prospekter in terme van artikel 17(1) en 'n 'mynreg' beteken 'n reg om te myn in terme van artikel 23(1). Dit bepaal onder andere dat die Minister 'n prospekterreg en mynreg moet toeken indien die applikant toegang tot finansiële hulpbronne het,¹⁰² daar nie onaanvaarbare besoedeling sal voorkom nie,¹⁰³ die applikant het

⁹⁷ Artikel 5(1). *De Beers Consolidated Mines v Ataqua Mining (Pty) Ltd and others* 2006 SA 3215 (HH) 67 en *De Beers Consolidated Mines v Regional Manager, Mineral Regulation Free State Region*, DME 1690 SA 2007 (HH) 6. Sien ook paragraaf 2 hierbo.

⁹⁸ Artikel 13 van die *MPRDA*.

⁹⁹ Artikel 20 van die *MPRDA*.

¹⁰⁰ Artikel 31 van die *MPRDA*.

¹⁰¹ Artikel 27 van die *MPRDA*.

¹⁰² Artikel 17(1)(a) en artikel 23(1)(b) en (c).

¹⁰³ Artikel 17(1)(c) en artikel 23(1)(d).

die bevoegdheid om aan die *Mine Health and Safety Act*, 1996 te voldoen¹⁰⁴ en die applikant is nie in teenstryd met enige bepalings van die *MPRDA* nie.¹⁰⁵

Die inhoud van die prospekter- en mynreg is nie die enigste aspekte van belang vir hierdie werk nie. Die wyses waarop daarvoor aansoek gedoen word, het direkte implikasies vir die oordraagbaarheid van die regte en daarom moet dit ook bestudeer word.

Artikels 16 en 22 handel oor die aansoekprosedures wat gevolg moet word vir prospekter- en mynregte onderskeidelik. Enige persoon wat aansoek wil doen vir 'n prospekter- of mynreg, moet die aansoek rig aan die Streeksbestuurder waarin die grond geleë is, wat dan weer op sy beurt die aansoek aan die Minister moet stuur vir oorweging.¹⁰⁶ Indien die Minister tevrede is dat daar aan al die vereistes vir die aansoek voldoen is, moet hy die prospekter- of mynreg toeken.¹⁰⁷

Prospekter- en mynregte duur voort vir die periode soos wat dit in die reg gespesifiseer is deurdat 'n prospekterreg nie vir langer as vyf jaar en 'n mynreg nie vir langer as 30 jaar mag voortduur nie.¹⁰⁸ Artikel 18 en 24 handel oor die hernuwingsproses van prospekter- en mynregte.

Artikels 19 en 25 sit die regte en verpligtinge van die houers van prospekter- en mynregte uiteen. 'n Houer van prospekterregte het, onderhewig aan artikel 18, die eksklusiewe reg om aansoek te doen vir die hernuwing van 'n prospekterreg, en om aansoek te doen vir 'n mynreg ten opsigte van die betrokke mineraal- en prospekterings- area en om enige minerale wat tydens die loop van prospektering

¹⁰⁴ Artikel 17(1)(d) en artikel 23(1)(f).
¹⁰⁵ Artikel 17(1)(e) en artikel 23(1)(g).
¹⁰⁶ Artikel 16 en 22.
¹⁰⁷ Artikel 17 en 23.
¹⁰⁸ Artikel 17(6) en 23(6).

gekry is, te verwyder en te vervreem.¹⁰⁹ Die houer van 'n mynreg het die eksklusiewe reg om aansoek te doen vir die hernuwing van die betrokke mynreg.¹¹⁰

Wat die verpligtinge van die houers van prospekterregte betref, moet 'n houer van 'n prospekterreg binne 30 dae vanaf die datum wanneer hierdie reg in werking tree of hernu word in terme van artikel 18(3), hierdie reg vir registrasie by die Myntitelskantoor indien vir registrasie.¹¹¹ Verder moet die houer van die prospekterreg met die prospektering begin binne 120 dae nadat die reg in werking getree het,¹¹² voortdurend en aktief prospekter,¹¹³ voldoen aan die vereistes van die prospekterreg,¹¹⁴ die voorgestelde prospekter-fooie aan die staat betaal¹¹⁵ en ook tantieme op enige verwyderde mineraal aan die staat betaal.¹¹⁶

Houers van mynregte is ook verplig om die reg in te dien vir registrasie binne 30 dae nadat die reg in werking getree het of hernu is¹¹⁷ en moet binne een jaar aktief begin myn.¹¹⁸ Die houers van mynregte moet ook tantieme aan die staat betaal¹¹⁹ en 'n jaarlikse verslag wat aandui dat daar aan die voorskrifte voldoen is, indien.¹²⁰

Die oordraagbaarheid en beswaring van prospekter- en mynregte word in artikel 11 van die *MPRDA* uiteengesit. Prospekter- en mynregte mag nie gesedeer, oorgedra, verhuur, onderverhuur of vervreem word sonder die toestemming van die Minister nie.¹²¹ Die Minister moet sy of haar toestemming verleen indien die applikant in staat is om aan die terme, verpligtinge en voorwaardes te voldoen.¹²²

¹⁰⁹ Artikel 19(1).
¹¹⁰ Artikel 25(1).
¹¹¹ Artikel 19(2)(a). Die *Myn Titels Registrasie en Myn Titels Registrasie Wysigingswet* reël die registrasieprosedure wat gevolg moet word.
¹¹² Artikel 19(2)(b).
¹¹³ Artikel 19(2)(c).
¹¹⁴ Artikel 19(2)(d).
¹¹⁵ Artikel 19(2)(f).
¹¹⁶ Artikel 19(2)(g).
¹¹⁷ Artikel 25(2)(a).
¹¹⁸ Artikel 25(2)(b).
¹¹⁹ Artikel 25(2)(g).
¹²⁰ Artikel 25(2)(h).
¹²¹ Artikel 11(1) en Du Plessis, Olivier en Pienaar 2002 *SAPR/PL* 436.
¹²² Artikel 11(2).

Die applikant moet voldoen aan die vereistes soos genoem in artikels 17 en 23 van die *MPRDA* en moet bevoeg wees om oor hierdie regte te beskik.

Die eerste baie belangrike waarneming wat hieruit voortvloei, is die feit dat prospekter- en mynregte in beginsel oordraagbaar is. Dit impliseer dat dit verkoop en/of vererf kan word en as gevolg hiervan moet dit in die boedelbeplanningsproses hanteer word. Die blote feit dat hierdie regte vervreem kan word, is ook aanduidend dat dit inherente geldwaarde het. Die verdere implikasie hiervan is dat die boedelplan en testament van die oorledene nie uitgevoer sal kan word indien die Minister sy toestemming weier nie, en daar sal verreikende gevolge wees waarvoor die boedelbeplanner voortydig moet voorsien.¹²³ Dit is egter ook van belang om te besef dat hierdie regte nie ongekwalifiseerd bestaan nie. Indien die houer van prospekter- en mynregte nie aan die bepalings van die *MPRDA* voldoen nie, soos byvoorbeeld om nie die goedgekeurde omgewingsbestuursprogram te volg of deur onakkurate en misleidende inligting te verskaf, mag die Minister hierdie regte opskort of kanselleer.¹²⁴

4.2.2 *Reconnaissance*permitte

Die *reconnaissance*proses word in artikel 1 van die *MPRDA* beskryf as

any operation carried out for or in connection with the search for a mineral or petroleum by geological, geophysical and photogeological surveys and includes any remote sensing techniques, but does not include any prospecting or exploration operation

‘n *Reconnaissance*permit is dus ‘n permit wat die houer daarvan magtig om bogemelde bedrywighede uit te voer. Dit is slegs geldig vir twee jaar en kan nie

¹²³ Sien paragraaf 5 hieronder.

¹²⁴ Artikel 47(1).

hernu of met 'n verband beswaar word nie.¹²⁵ *Reconnaissance*permitte gee vir die houer daarvan toestemming om op die betrokke grond te gaan en 'n *reconnaissance*proses uit te voer nadat hy met die grondeienaar of regmatige okkupeerder daarvan gekonsulteer het.¹²⁶ Die *reconnaissance*permit gee egter nie aan die houer daarvan toestemming om te prospekteer of om te myn nie en gee ook nie aan hom die eksklusiewe reg om daarvoor aansoek te doen nie.¹²⁷

Dit is duidelik dat die *reconnaissance*permit die proses vir prospektering van minerale vooruitgaan.¹²⁸ Verder is dit ook duidelik dat hierdie toestemming, sodra toegestaan, bestaan ongeag wie die eienaar van die betrokke grond is en ongeag of die grond tydens die bestaan van die permit aan 'n ander persoon oorgedra word.¹²⁹

Die *reconnaissance*permit beperk die eienaar van die betrokke grond se regte.¹³⁰ Die houer van die permit hoef slegs die eienaar van die grond te konsulteer voordat hy die grond betree. Dit kan gesê word dat die staat inbreuk maak op die eienaar se eiendomsreg deurdat die eienaar se toestemming om die grond te betree nie verkry word nie, en die diskresie aan wie hierdie permitte toegeken word in die hande van staatsamptenare geplaas word.¹³¹

'n *Reconnaissance*permit¹³² mag nie oorgedra, gesedeer, vervreem of deur 'n verband beswaar word nie. Die reg is dus slegs waardevol terwyl dit in die hande van die houer daarvan is. Weens die feit dat dit nie oordraagbaar is nie, kan die

¹²⁵

Artikel 14(5).

¹²⁶

Artikel 15(1).

¹²⁷

Artikel 15(2)(a).

¹²⁸

Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 263. Badenhorst *et al Mineral and Petroleum Law of South Africa* 14-1.

¹²⁹

Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 263-264.

¹³⁰

Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 264. Sien ook artikels 5(3)a) en 27(7)(a).

¹³¹

Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 264. Dit is egter onwaarskynlik dat hierdie inbreukmaking neerkom op onteiening en artikel 54 skep 'n prosedure waar die eienaar kompensasië kan eis indien hy enige skade of verliese gely het as gevolg van die *reconnaissance*proses.

¹³²

Artikel 14(5).

boedelbeplanner nie daarmee handel vir doeleindes van erfopvolging of vervreemding nie.

4.2.3 *Permit om minerale te verwyder en te vervreem gedurende prospektering*

Hierdie permit is ondergeskik aan 'n reg om te prospekteer. Dit is nie 'n aparte reg of toestemming wat aan die prospekteerder toegestaan word nie, maar bloot 'n manier om die aktiwiteite rondom prospektering te reguleer. Gevolglik word die grondeienaar se reg tot sy eiendom glad nie deur hierdie permit benadeel nie en moet hierdie permit gesien word as 'n bykomstigheid tot die reg om te prospekteer.¹³³

Die houer van 'n prospekteerreg moet die skriftelike toestemming van die Minister verkry om minerale te verwyder en te vervreem gedurende prospektering.¹³⁴ Die *MPRDA* bevat geen bepalinge wat die moontlike oordraagbaarheid van hierdie permitte reguleer nie en die enigste afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat hierdie permitte nie oordraagbaar is nie en die boedelbeplanner dus nie daarmee kan handel vir doeleindes van erfopvolging of vervreemding nie.

4.2.4 *Retensiepermitte*

'n Retensiepermit staan direk in verband met 'n reg om te prospekteer en word gebruik om die reg om te prospekteer uit te stel. Dit stel die houer daarvan in staat om 'n mynreg te verkry ten opsigte van die mineraal¹³⁵ in gevalle waar ekonomiese faktore die houer van die prospekteerreg verhoed om aansoek te doen vir 'n mynreg.¹³⁶ Hierdeur word verhoed dat die uitgawes wat die prospekteerder aangegaan het,¹³⁷ verlore gaan en brei die eksklusiewe reg om aansoek te doen

¹³³ Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 266. Dale *et al South African Mineral and Petroleum Law* 250.

¹³⁴ Artikel 20(2).

¹³⁵ Badenhorst en Mostert *Mineral and Petroleum Law of South Africa* 15-1 en 15-18.

¹³⁶ Artikel 31.

¹³⁷ Dale *et al South African Mineral and Petroleum Law* 300.

voor en 'n mynreg te verkry uit vir 'n tydperk van 5 jaar,¹³⁸ indien aan al die vereistes voldoen word.¹³⁹

Indien 'n retensiepermit toegestaan word, word die staat verbied om op enige manier wat 'n negatiewe effek op die houer van hierdie permit het, met die minerale te handel¹⁴⁰ en geen ander magtigings of regte mag ten opsigte van die betrokke minerale aan 'n derde party toegeken word nie.

Eiendomsreg word beperk deurdat die vervreemding van die betrokke grond onderhewig sal wees aan die bestaan van die retensiepermit en die las word oorgedra na die grondeienaar se opvolgers in titel.¹⁴¹

'n Retensiepermit¹⁴² mag nie oorgedra, gesedeer, vervreem of deur 'n verband beswaar word nie. Die reg is dus slegs waardevol terwyl dit in die hande van die houer daarvan is. Weens die feit dat dit nie oordraagbaar is nie, kan die boedelbeplanner nie daarmee handel vir doeleindes van erfopvolging of vervreemding nie.

4.2.5 Mynpermitte

'n Mynpermit word toegeken indien 'n betrokke mineraal binne 'n periode van twee jaar optimaal gemyn kan word.¹⁴³ Hoewel die reg nie geklassifiseer word as 'n beperkte saaklike reg nie, is dit vanweë die aard van die bedrywighede wat daardeur gereguleer word, vergelykbaar met 'n mynreg.

In teenstelling met 'n mynreg mag 'n mynpermit egter nie oorgedra, gesedeer, verhuur, onderverhuur of vervreem word nie. Dit mag slegs beswaar word met 'n

¹³⁸ Artikel 32(4).

¹³⁹ Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA* 265.

¹⁴⁰ Artikel 35(1).

¹⁴¹ Dale *et al South African Mineral and Petroleum Law* 30.

¹⁴² Artikel 36.

¹⁴³ Hierdie permit mag vir drie periodes wat elk nie langer as 'n jaar is nie, hernu word volgens artikel 27(8)(a).

verband vir doeleindes vir die finansiering van die betrokke mynprojek.¹⁴⁴ Die reg is dus ook slegs waardevol terwyl dit in die hande van die houer daarvan is. Weens die feit dat dit nie oordraagbaar is nie, kan die boedelbeplanner nie daarmee handel vir doeleindes van erfopvolging of vervreemding nie.

Uit bogemelde bespreking is dit duidelik dat indien enige van bogemelde regte op minerale in privaatpersone gevestig het, slegs prospekteer- en mynregte as boedelbates tydens die boedelbeplanningsproses hanteer kan word met die oog op vererwing. Aangesien *reconnaissance*permitte, mynpermitte en retensiepermitte nie oordraagbaar is nie, kan dit nie in ag geneem word by sterftebeplanning indien dit in die hande van individue is nie. Soos hieronder aangetoon is dit die rede waarom die boedelbeplanner moet adviseer dat sodanige regte van meet af aan deur geskikte persone verkry word. Dit is egter nie duidelik wat van hierdie permitte word nie, en dit lyk asof dit bloot sal ophou bestaan indien die privaatpersoon wat die permit hou, te sterwe kom. In die geval waar hierdie permitte egter deur 'n maatskappy gehou word, sal die maatskappy kan voortgaan met die uitvoering daarvan indien een van die direkteure of aandeelhouders sterf.

5. Die invloed van die nuwe regte op minerale op boedelbeplanning en boedelbereddering

Die bogemelde bespreking het ten doel om vir die boedelbeplanner duidelikheid te gee oor die effek van die nuwe mineraalregbedeling op boedelbeplanning in gevalle waar regte op minerale ter sprake is. Noudat dit duidelik is dat sowel beperkte saaklike regte, persoonlike regte en statutêre regte in die *MPRDA* geskep word, waarvan slegs die beperkte saaklike regte oordraagbaar is, is die vraag hoe regte op minerale soos wat dit vervat word in die *MPRDA*, in die

¹⁴⁴ Artikel 27(8)(b).

boedelbeplanningsproses verdiskonteer moet word. Die boedelbeplanner moet verskeie resultate bereik wanneer die boedelbeplanningsproses voltooi is.¹⁴⁵

Taljaard sit die doelwitte van boedelbeplanning duidelik uiteen. Eerstens moet die beplanner se strewes en doelwitte bereik word.¹⁴⁶ Een van die oogmerke van boedelberedding waardeur bogemelde strewe bereik kan word, is om te verseker dat die bates wat die testateur gedurende sy leeftyd bymekaar gemaak het, volgens sy wilsbeskikking oorgedra word aan sy erfgename nadat hy afgesterf het. Die houër van prospekter- en mynregte moet besef dat, alhoewel hierdie regte op minerale ingevolge die *MPRDA* nie vrylik oordraagbaar is nie en die Minister se toestemming vereis word,¹⁴⁷ dit wel moontlik is om hierdie regte in 'n testament te bemaak.¹⁴⁸ 'n Persoon wat hierdie regte erf moet aan die Minister bewys dat hy bevoeg is en aan die vereistes van artikels 17 en 23 van die *MPRDA* voldoen.¹⁴⁹ Die boedelbeplanner moet egter voorsiening maak vir omstandighede waar die Minister sy toestemming sou weier. Een wyse is om meer as een begunstigde te benoem. Dit word egter aanbeveel dat hierdie regte nie weer aan privaatpersone bemaak word nie, maar dat die testateur 'n geskikte regspersoon skep (of indien sodanige regspersoon reeds bestaan, identifiseer) na wie die regte kan vererf.

Tweedens moet die boedelplan prakties doeltreffend wees.¹⁵⁰ 'n Boedelbeplanner moet op die inhoud van artikel 56(b) van die *MPRDA* let deurdat daar bepaal word

¹⁴⁵ Moolman skryf dat 'n boedel so vroeg as moontlik beplan moet word en sit ses stappe vir die proses uiteen. Eerstens moet jy besluit wie jou erfgename is en wat elk moet erf. Tweedens moet jy bepaal wat jou bates en die waarde daarvan is. Derdens moet jy ook bepaal wat die laste, boedelbelasting en likiditeit van jou boedel is. Kies daarna boedelbeplanningstegnieke, implementeer die plan en stel die erfgename in kennis en hersien die boedelplan indien nodig. Moolman *9 beginsels vir welvaartskepping* 99-100.

¹⁴⁶ Taljaard *Invloed van die MPRDA* p3.

¹⁴⁷ Artikel 5 van die *MPRDA* en Taljaard *Invloed van die MPRDA* p3. Sien paragraaf 4 supra.

¹⁴⁸ Dit kan egter nie van al die regte in die *MPRDA* gesê word nie, aangesien 'n mynpermit in artikel 27(8)(b), 'n retensiepermit in artikel 36, 'n verkenningspermit in artikel 75(d), tegniese samewerkingspermit in artikel 77(c) en 'n verkenningsstoestemming in artikel 14(5) nie oordraagbaar is nie, nie gesedeer, verhuur, onderverhuur of vervreem mag word op enige wyse nie. Jansen van Vuuren *Minerale, tantieme en boedelbeplanning* 21-22.

¹⁴⁹ Sien paragraaf 4 supra.

¹⁵⁰ Taljaard *Invloed van die MPRDA* p3.

dat enige reg, permit, toestemming of lisensie sal verval wanneer die houer daarvan afsterf en daar nie 'n opvolger in titel is nie. Weer eens kan 'n onbevoegde erfgenaam die uitvoer van die boedelplan in die wiele ry want, indien die toestemming van die Minister nie verkry kan word nie, sal die regte verval.¹⁵¹ 'n Moontlike oplossing vir hierdie probleem is om die regte te bekom deur van 'n maatskappy gebruik te maak as die houer daarvan, of om 'n maatskappy of ander geskikte regspersoon te skep en die betrokke regte aan die regspersoon te vervreem terwyl die testateur steeds in lewe is. Die testateur kan dan die aandele in die maatskappy aan sy begunstigdes bemaak, aangesien die Minister se toestemming nie nodig is indien daar slegs 'n verandering in die beherende belang van die maatskappy is nie en die regte kan deur middel van die aandele op die erfgename vererf. 'n Verdere aspek wat die boedelbeplanner in gedagte moet hou is die feit dat die regte in minerale slegs vir 'n beperkte tyd toegeken word, wat sal beteken dat die boedelplan gereeld hersien moet word sodat dit steeds prakties doeltreffend sal wees.

Derdens moet die plan voordelig wees uit 'n belastingoogpunt, deurdat daar deurlopend gekyk moet word wat die invloed van die verskillende tipes belasting is.¹⁵² Ingevolge die *Boedelbelastingwet* se omskrywing van eiendom kan afgelei word dat prospekter- en mynregte wel binne die konteks van hierdie Wet val en ooreenkomstig belasbaar sal wees.¹⁵³

Kapitaalwinsbelasting is 'n verdere aspek wat deur boedelbeplanners in ag geneem moet word. Die vraag ontstaan nou of kapitaalwinsbelasting in berekening gebring moet word in gevalle waar ou orde regte omskep is in nuwe orde regte.¹⁵⁴ Daar word egter wel bepaal dat die omskakeling van die ou bedeling regte na die nuwe regte en hernuwing of verlenging van nuwe bedeling regte nie as vervreemding

¹⁵¹ Daar kan slegs op die nalatenskap ingevolge die testament aanspraak gemaak word indien die regsopvolger in titel aan dieselfde vereistes voldoen soos by 'n nuwe aansoek. Jansen van Vuuren *Minerale, tantieme en boedelbeplanning* 21.

¹⁵² Taljaard *Invloed van die MPRDA* p3.

¹⁵³ Sien par 2. *supra*.

¹⁵⁴ Taljaard *Invloed van die MPRDA* p39.

beskou kan word vir kapitaalwins-belastingdoeleindes nie.¹⁵⁵ Daar is geen duidelikheid rondom die posisie waar onteiening bewys kan word nie en Taljaard is van mening dat die vergoeding, indien onteiening wel bewys kan word, onderhewig aan kapitaalwinsbelasting sal wees.¹⁵⁶

Die boedelbeplanner moet ook kennis dra van die verandering wat in verband met die betaling van tantieme plaasgevind het.¹⁵⁷ In die verlede was tantieme wat aan grondeienaars deur die houers van mineraalregte betaal is, beskou as bates wat deel gevorm het van 'n persoon se boedel. Dit kon in 'n testament benoem word en moes berekender word in bestorwe boedels.¹⁵⁸ Hierdie posisie is deur die *MPRDA* verander deurdat die Minister die administrateur van die eiendom (die land se minerale hulpbronne) is,¹⁵⁹ waarvoor die staat die voog is en daar uitdruklik bepaal word dat tantieme aan die staat betaal moet word.¹⁶⁰ Indien die ontvanger van tantieme iemand anders as die staat is, moet daardie begunstigde aan die vereistes van item 11 van Skedule II van die *MPRDA* voldoen alvorens hy op daardie tantieme geregtig sal wees.¹⁶¹

Deur die bepaling van die *MPRDA* is dit nie meer moontlik vir 'n grondeienaar om oppervlakregte aan een begunstigde en regte op minerale aan 'n ander begunstigde na te laat en klakkeloos te aanvaar dat die begunstigde aan wie die regte op minerale bemaak is, die voordeel daarvan sal ontvang nie.

Veral waar minderjarige erfgename in gedrang is, sal deeglike beplanning nodig wees. Minderjarige erfgename sal nie aan die vereistes soos deur die Minister gestel vir die oordrag van prospekter- en mynregte kan voldoen nie. Die

¹⁵⁵ Taljaard *Invloed van die MPRDA* p39 en Par 67C van die Agtste Bylaag van die *Wet op Inkomstebelasting* 58 van 1962.

¹⁵⁶ Taljaard *Invloed van die MPRDA* p39.

¹⁵⁷ *Mineral and Petroleum Resources Royalty Act* 28 van 2008.

¹⁵⁸ Jansen van Vuuren *Minerale, tantieme en boedelbeplanning* 11-17. Taljaard *Invloed van die MPRDA* p1.

¹⁵⁹ Sien par 1 supra.

¹⁶⁰ Artikel 19(2)(g) van die *MPRDA*; Artikel 27(2)(c) van die *MPRDA*; Artikel 86(2)(e) van die *MPRDA*.

¹⁶¹ Jansen van Vuuren *Minerale, tantieme en boedelbeplanning* 18.

boedelbeplanner sal die testateur moet adviseer om 'n maatskappy of ander toepaslike regs persoon te skep na wie die regte oorgedra kan word.¹⁶²

Boedelbeplanners het dikwels die moeilike taak om 'n nuwe mineraalregbedeling aan grondeienaars, wat die eiendom in 'n vorige era bekom het, te verduidelik. Dit is te verstane dat grondeienaars dan sukkel om te verstaan dat hulle nie ongekwalifiseerd kan handel met hul regte op minerale nie. Die belangrikste aspek wat grondeienaars moet beseef is dat hulle hoegenaamd geen seggenskap meer het oor aan wie regte in minerale wat in die grond waarvan hulle eienaars is, toegeken word nie. Indien hulle wel die houers van prospekter- en mynregte is, moet hulle verstaan dat die Minister eventueel kan bepaal of prospekter- en mynregte wel 'n aangewese begunstigde mag toeval. Erflaters en boedelbeplanners moet kreatief en innoverend te werk gaan om geskikte alternatiewe te skep waardeur 'n testateur se begunstigdes steeds in ooreenstemming met sy testament bevoordeel sal word.

6. Gevolgtrekking

'n Nuwe bedeling het tot stand gekom met die inwerkingtreding van die *MPRDA* en dit is noodsaaklik vir houers van die ou bedeling regte sowel as die nuwe bedeling regte om al die implikasies hiervan te verstaan.¹⁶³

Ingevolge die *Mineraalwet* het mineraalregte in die grondeienaars gevestig.¹⁶⁴ Hierdie regte kon egter aan derdes vervreem word. Die *MPRDA* het die begrip "mineraalregte" soos wat dit voor 2004 bekend gestaan het, tot niet laat gaan.¹⁶⁵ Die totaliteit van die land se onontginde mineraalhulpbronne vestig nou in die nasie,

¹⁶² Taljaard *Invloed van die MPRDA* p40.

¹⁶³ Taljaard *Invloed van die MPRDA* p41.

¹⁶⁴ Sien paragraaf 3.3 *supra*.

¹⁶⁵ Taljaard *Invloed van die MPRDA* p41.

met die staat wat as die trustee daarvan optree tot voordeel van alle Suid-Afrikaners.¹⁶⁶

Minerale is gevolglik uit die privaatsfeer verwyder, maar individue kan steeds verskeie regte soos dit in die *MPRDA* geskep word, bekom. Hierdie regte is prospekteer- en mynregte, *reconnaissance*permitte, retensiepermitte, mynpermitte en permitte om minerale te verwyder en te vervreem.¹⁶⁷

Wanneer 'n boedelplan opgestel word waar daar regte op minerale van toepassing is, moet die boedelbeplanner eerstens kyk of hierdie regte as bates in 'n persoon se boedel beskou kan word¹⁶⁸ en oordraagbaar is ingevolge die *MPRDA*.¹⁶⁹

Prospekteer- en mynregte is wel oordraagbaar en kan in 'n boedelplan opgeneem word, alhoewel daar aan sekere vereistes voldoen moet word.¹⁷⁰ 'n *Reconnaissance*permit, 'n retensiepermit en 'n mynpermit is egter nie oordraagbaar nie en kan nie by die boedelbeplanningsproses in ag geneem word nie.¹⁷¹

Boedelbeplanners moet daarop bedag wees dat tantieme, prospekteergelde en ander vergoeding in gedrang kom en dat die oorgangsfase sekere gevolge teweegbring het.¹⁷²

Die boedelbeplanner moet die erflater inlig rondom kwessies soos die beperkte oordraagbaarheid van die nuwe bedeling regte, die benoeming van minderjarige kinders as erfgename van hierdie regte, en kapitaalwinsbelasting.¹⁷³ Die boedelbeplanner moet ook die moontlikheid van die gebruikmaking van 'n

¹⁶⁶ Sien paragraaf 1 *supra*.

¹⁶⁷ Sien paragrafe 2 en 4 *supra*.

¹⁶⁸ Sien paragrafe 2 en 5 *supra*.

¹⁶⁹ Sien paragrafe 4 en 5 *supra*.

¹⁷⁰ Sien paragrafe 4 en 5 *supra*.

¹⁷¹ Sien paragrafe 4 en 5 *supra*.

¹⁷² Sien paragraaf 4 *supra*.

¹⁷³ Sien paragraaf 5 *supra*.

regspersoon vir die voortbestaan van prospekter- en mynregte met die erflater bespreek.¹⁷⁴

Dit is dus baie belangrik vir elke boedelbeplanner om deeglik kennis te dra van al die bepalings van die *MPRDA* en ander relevante wetgewing indien hy of sy in die beste belang van sy kliënt wil optree en 'n prakties-uitvoerbare boedelplan vir die kliënt wil opstel.

¹⁷⁴ Sien paragraaf 5 *supra*.

Bibliografie

Literatuur

Abrie et al Bestorwe Boedels

Abrie W, Graham CR, Schoeman-Malan MC en van der Spuy P de W
Bestorwe Boedels 5de uitg (ProPlus Uitgewers Lynwoodrif 2003)

Badenhorst 1990 *TSAR*

Badenhorst PJ "Towards a theory on mineral rights" 1990 2 *TSAR* 239-253

Badenhorst 1994 *THRHR*

Badenhorst PJ "Klassifikasie en kenmerke van mineraalregte" 1994 57 *THRHR* 34-46

Badenhorst 1995 *TSAR*

Badenhorst PJ "Mining of mixed minerals" 1995 3 *TSAR* 570-580

Badenhorst 2001 *Obiter*

Badenhorst PJ "Mineral Rights: "Year Zero Cometh?"" 2001 22:1 *Obiter* 119-141

Badenhorst en Vrancken 2001 *Obiter*

Badenhorst PJ en Vrancken PHG "Do Mineral Rights Constitute 'Constitutional Property?'" 2001 22:2 *Obiter* 496-507

Badenhorst 2002 *Finance Week*

Badenhorst PJ "Dangerous dance over rights" 2002-04-19 *Finance Week* 49

Badenhorst en Mostert 2003 *STELL LR*

Badenhorst PJ en Mostert H “Revisiting the transitional arrangements of the Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 of 2002 and the Constitutional Property Clause: An analysis in two parts, Part One” 2003 14:3 *STELL LR* 377-400

Badenhorst *et al Mineral and Petroleum Law of South Africa*

Badenhorst PJ *et al Mineral and Petroleum Law of South Africa: Commentary and Statutes* (Juta Kaapstad 2004)

Badenhorst 2005 *Obiter*

Badenhorst PJ “Nature of new order rights to minerals: a rubikian exercise since passing the mayday rubicion with a cubic zirconium?” 2005 26:3 *Obiter* 505-525

Badenhorst, Pienaar en Mostert *Silberberg en Schoeman's The Law of Property*

Badenhorst PJ, Pienaar JM en Mostert H Silberberg en Schoeman's *The Law of Property* 5de uitg (LexisNexis Butterworths Durban 2006)

Badenhorst en Mostert 2007 *TSAR*

Badenhorst PJ en Mostert H “Artikel 3(1) en (2) van die Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 van 2002: ‘n herbeskouing” 2007 3 *TSAR* 469-493

Badenhorst 2009 *TSAR*

Badenhorst PJ “Expropriations by virtue of the Mineral and Petroleum Resources Development Act: Are there some more trees in the forest?” 2009 3 *TSAR* 600-608

Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook*

Currie I en De Waal J *The Bill of Rights Handbook* 5de uitg (Juta
Kaapstad 2005)

Dale *et al South African Mineral and Petroleum Law*

Dale MO *et al South African Mineral and Petroleum Law* (LexisNexis
Butterwoths Durban 2005)

Du Plessis, Olivier en Pienaar 2002 *SAPR/PL*

Du Plessis W, Olivier N en Pienaar J “A new dispensation for communal
land and minerals” 2002 17:2 *SAPR/PL* 409-439

Franklin en Kaplan *Mining and Mineral Laws*

Franklin BLS en Kaplan M *The Mining and Mineral Laws of South Africa*
(Butterworths Durban 1982)

Jansen van Vuuren *Minerale, tantieme en boedelbeplanning*

Jansen van Vuuren MP *Minerale, tantieme en boedelbeplanning* (LLM
skripsie Noordwes Universiteit Potchefstroomkampus 2006)

Joubert 1959 *THRHR*

Joubert CP “Die regte op minerale” 1959 22 *THRHR* 27-45

Kaplan en Dale *Guide*

Kaplan M en Dale MO *A Guide to the Minerals Act 1991* (Butterworths
Durban1992)

Kernick *Estates and Wills*

Kernick LA *Administration of Estates and Drafting of Wills* 4de uitg (Juta
Kaapstad 2006)

Kleyn 1996 *SAPR/PL*

Kleyn D “The constitutional protection of property: a comparison between the German and the South African approach” 1996 11:2 *SAPR/PL* 402-445

Moolman 9 beginsels vir welvaartskepping

Moolman M *9 beginsels vir welvaartskepping* 1ste uitg (Naledi Tygervallei 2009)

Mostert *et al Principles of the Law of Property in South Africa*

Mostert *et al Principles of the Law of Property in South Africa* (Oxford University Press Southern Africa Kaapstad 2010)

Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning*

Olivier PA en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* (Juta Kaapstad 1991)

Pienaar 1986 *TSAR*

Pienaar G “Ontwikkelings in die Suid-Afrikaanse Eiendomsbegrip in Perspektief” 1986 1 *TSAR* 295-308

Roux “Property” (2002)

Roux T “Property” in Cheadle MH, Davis DM and Haysom NRL (eds) *South African Constitutional Law: The Bill of Rights* (Butterworths Durban 2002)

Strachan 2005 *Without Prejudice*

Strachan J “In danger of guillotining the golden goose” 2005 5 *Without Prejudice* 22-23

Taljaard *Invloed van die MPRDA*

Taljaard JCP *Invloed van die Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 van 2002 op boedelbeplanning en boedelberedding* (LLM skripsie Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus 2004)

Van Den Berg 2009 *Stell LR*

Van den Berg HM "Ownership of minerals under the new legislative framework for mineral resources" 2009 1 *Stell LR* 139-158

Van der Merwe *Sakereg*

Van der Merwe CG *Sakereg* (Butterworths Durban 1979)

Van der Merwe *Notariële Praktyk*

Van der Merwe FE *Notariële Praktyk* 2de uitg (Butterworths Durban 1989)

Van der Schyff *The Constitutionality of the MPRDA*

Van der Schyff *The Constitutionality of the Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 of 2002* (LLD proefskrif Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus 2006)

Van der Schyff 2008 *TSAR*

Van der Schyff E "Who 'owns' the country's mineral resources? The possible incorporation of the public trust doctrine through the Mineral and Petroleum Resources Development Act" 2008 4 *TSAR* 757-768

Van der Walt en Pienaar *Inleiding tot die Sakereg*

Van der Walt AJ en Pienaar GJ *Inleiding tot die Sakereg* 4de uitg (Juta Kaapstad 2002)

Van der Walt *Constitutional Property Law*

Van der Walt AJ *Constitutional Property Law* (Juta Kenwyn 1997)

Van der Walt *The Constitutional Property Clause*

Van der Walt AJ “Notes on the Interpretation of the Property Clause in the New Constitution” 1994 *THRHR* 181-203

Van der Walt 2004 *SAPR/PL*

Van der Walt AJ “An overview of developments in constitutional property law since the introduction of the property clause in 1993” 2004 *SAPR/PL* 46-89

Internetbronne

Olivier 2003 <http://www.northernlaw.co.za/seminar/2003/minerals.html> 28 Julie

Regspraak

Agri South Africa and Van Rooyen v Minister of Minerals and Energy saakno 55896/2007 en 10235/2008 (NGP) (ongerapporteer 6 Maart 2009)

Brink v Van Niekerk en ‘n Ander 1986 3 SA 428 (T)

De Beers Consolidated Mines v Ataqua Mining (Pty) Ltd and others 2006 SA 3215 (HH)

De Beers Consolidated Mines v Regional Manager, Mineral Regulation Free State Region, DME 1690 SA 2007 (HH)

Erasmus v Afrikander Proprietary Mines Ltd 1967 1 SA 950 (W)

Ex parte Campher 1912 TPD 10

Ex Parte Chairperson of the Constitutional Assembly: In re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 1996 4 SA (KH)

Finbro Furnishers v Registrar of Deeds, Bloemfontein 1983 3 SA 191 (O)

First National Bank of SA Ltd t/a Wesbank v Commissioner, South African Revenue Service 2002 4 SA 768 (KH)

Gien v Gien 1979 2 SA 1113 (T) 1120

Lebowa Mineral Trust Beneficiaries Forum v The President of the RSA and others 2002 1 BCLR 23 (T)

Master v African Mines 1907 TS 925

Nolte v Johannesburg Consolidated Investment Co Ltd 1943 AD 295

Rand Mines Ltd v President of the RSA 1996 3 SA 425 (B)

Trojan Exploration Co (Pty) Ltd v Rustenburg Platinum Mines Ltd 1996 4 SA 499 (A)

Union Government v Marais and Others 1920 AD 240 246

Van Vuren v Registrar of Deeds 1907 TS 189 194

Wetgewing

Boedelbelastingwet 45 van 1955

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996

Inkomstebelastingwet 58 van 1962

Mineraalwet 50 van 1991

Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 van 2002

Mineral and Petroleum Resources Royalty Act 28 van 2008

Mine Health and Safety Act 29 van 1996

Myn Titels Registrasie Wet 16 van 1967

Myn Titels Registrasie Wysigingswet 24 van 2003

Prokl. 4577 Staatskoerant 21840 18 Desember 2000

Wet op Onteining 63 van 1975

Wet op Registrasie van Aktes 47 van 1937